# Leesgids

# *Jungu Josh 1*

# *Die goue kalbas*

**Constant van Graan**

**Tafelberg, 2020**

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die jeugroman ***Jungu Josh - Die goue kalbas*** (Tafelberg, 2020)

**AVONTUUR**




**BOEK 1**

Hierdie leesgids is as hulpmiddel vir die onderwyser en leerder in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **graad 8 Huistaal (of graad 8 Eerste Addisionele Taal)** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie leesgids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2023. ’n Druknaam van NB Uitgewers**

# INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|


| | |
|---|---|
| **Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………** | **3** |
| **Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)………………** | **4** |
| **Jungu Josh: ’n Oorsig……………………………………………………..** | **5** |
| **Biografie van die skrywer…………………………………………………** | **6** |
| **Literêre begrippe: Verteller………………………………………………..** | **8** |
| **Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd…………………………** | **9** |
| **Literêre begrippe: Ruimte en Plek………………………………………** | **10** |
| **Literêre begrippe: Intrige en Temas……………………………………..** | **10** |
| **Literêre begrippe: Botsings of Konflik…………………………………** | **11** |
| **Karakterisering……………………………………………………………** | **12** |
| **Karaktersketse……………………………………………………………** | **13-17** |
| **Afdeling B: Lees…………………………………………………………..** | **18** |
| **Afdeling C: Post-lees……………………………………………………..** | **19** |
| **Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-26)……………………..** | **19-41** |
| **Memoranda (Hoofstuk 1-26)………………………………………………** | **42-54** |
| **Woordverklarings…………………………………………………………** | **55-56** |
| **Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)………………..** | **57** |
| **Literêre glossarium………………………………………………………** | **58-60** |
| **Bronnelys…………………………………………………………………..** | **61** |






Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- **Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas.** Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.
- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders te wys hoe hulle **huistaal of EAT subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.**
- Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. **Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.**
- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar **fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING A: PRE-LEES

"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

**ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT [VOORBLAD] VAN DIE JEUGROMAN**

**Let wel: Die volledige analise (bespreking) van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word nadat leerders die jeugroman gelees het.**




**<u>Let op die volgende aspekte</u>: Titel, outeur, gebruik van kleur, plasing van voorwerpe, agtergrond en lettertipe. Lees die blakerteks op die agterplat. Watter verwagtings skep die omslag van die jeugroman by die leser?**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## JUNGU JOSH: ’N OORSIG

**Volg die skakels om interessante video’s oor *Jungu Josh* te kyk. Bespreek die video’s in die klaskamer.**

- **Wat dink jy van die inhoud van die video’s?**
- **Is jy opgewonde om die jeugroman te lees? Gee ’n rede vir jou antwoord.**
- **Hou jy van die Jungu Josh-liedjie? (Skandeer die QR-kode op bladsy 6 van die jeugroman.)**

***JUNGU JOSH: DIE GOUE KALBAS* (LOKPRENT)**

**https://www.youtube.com/watch?v=xKhEHzoW7Qw**

**CONSTANT VAN GRAAN GESELS OOR DIE JUNGU JOSH-TRILOGIE**

**https://www.youtube.com/watch?v=sXfcHPwqFNI**

**DIE JUNGU JOSH WEBTUISTE**

**www.jungujosh.com**

**JUNGU JOSH – TEMALIED**

**https://www.youtube.com/watch?v=WVtfKkO17HU**

**INLEIDING TOT MAGANI, DIE TAAL VAN KALIMBULA EN JUNGU JOSH**

**https://jungujosh.com/wp-content/uploads/2022/09/Jungu-Josh_Magani-frases-1.pdf**

**LEES DIE HELE REEKS!**







Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

# KAART VAN KALIMBULA






**JOSH VERSUS DIE PROFESSOR**



**(Alle visuele uitbeeldings van die karakters is beskikbaar op die Jungu Josh-webtuiste.)**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

# CONSTANT VAN GRAAN









**(Erkenning: Foto met vergunning van die skrywer.)**

Constant is ŉ romanskrywer en dramaturg, asook senior lektor in die Program vir Forensiese Rekenmeesterskap by die Noordwes-Universiteit. In sy vrye tyd is hy ook liedjieskrywer en sanger van die musiekgroep *Pelican State*.

Sy deurbraak in skryf kom in 2012 toe sy kortverhaal "Plan B" in Human & Rousseau se kortverhaalbundel *Nuwe Stories 1* opgeneem word. Kort daarna word dit opgevolg met kortverhale in die Woordfeesbundel en die internasionale *The Bundle of Joy and other Stories from Africa*. In 2016 skryf en regisseer hy die donkerkomedie *Wolf ter Slagting* wat by Aardklop debuteer en dis ook in dié tyd wat *Jungu Josh*, Constant se fantasie-reeks, gebore word. Vandag is **Jungu Josh** bekend as ŉ unieke bydrae tot die Afrikaanse fantasie-genre, en brei Constant die Jungu Josh-wêreld uit met ŉ Magani-woordeboek, Jungu Josh-temalied en **interaktiewe webtuiste**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ŉ druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE BEGRIPPE

### ROMAN / JEUGROMAN (NOVEL) - DEFINISIE

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is ’n **prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge” (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as ’n beskrywing van die handelinge.

### DIE VERTELLER (PROTAGONIS)

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Jungu Josh – Die goue kalbas* is die **skrywer Constant van Graan** en die **verteller is ’n <u>derdepersoonsverteller</u>**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE DERDEPERSOONSVERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(In *Jungu Josh – Die goue kalbas* is dit Joshua McGreer)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term 'verteltyd' verwys volgens Brink (1987:92) na "die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel". (**Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman**.)

**Vertelde tyd**: Die 'vertelde tyd' dui op "die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word" (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die 'vertelde tyd' die 'leestyd' wat "meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke".

Die jeugroman *Jungu Josh – Die goue kalbas* se **verteltyd** strek dus oor **256 bladsye** bestaande uit **ses-en-twintig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor 'n **aantal weke in die hede**.

Die verhaal word <u>**chronologies**</u> aangebied.

## TYDSVERLOOP

## CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

## ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Die tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die jeugroman *Jungu Josh – Die goue kalbas* is die verloop van tyd **chronologies**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Jungu Josh – Die goue kalbas* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is in **Oos-Afrika**, maar hoofsaaklik in **Kalimbula**.

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

Tafelberg

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. **'n Tema is altyd universeel** en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: verlies, geweld en reis.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die jeugroman is dus *Jungu Josh – Die goue kalbas*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die jeugverhaal soos in dié geval waar **die titel klem plaas op die hoofkarakter (Josh McGreer) en verwys na die "goue kalbas" wat 'n kernrol in die narratief (storie/verhaal) speel.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BOTSINGS OF KONFLIK

Twee tipes botsings kan in ’n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Josh en Njeri raak in ’n stoeigeveg betrokke.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Josh is kwaad vir sy pa omdat hy gesterf het. Hy is ook kwaad vir sy ma omdat sy hom op die plaas by tannie Verona gelos het.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan. **Voorbeeld: Njeri het die bosvark gejag en met ’n spies doodgesteek.**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER



**Joshua (Josh) McGreer is die hoofkarakter** (protagonis) in die jeugroman. Hy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter** **ondergaan karakterontwikkeling** en word ook 'n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Jungu Josh – Die goue kalbas* sal Njeri en die professor voorbeelde van 'n newekarakter wees.**

Tafelberg

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die jeugroman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| KARAKTER | KARAKTERSKETS |
| --- | --- |
| **Joshua (Josh) Gregory McGreer** | Josh is dertien jaar oud en die **hoofkarakter** in die jeugroman. Hy word groot in Londen en bly die laaste twee jaar by sy tannie Verona en haar gesin op hul plaas in Oos-Afrika. Toe sy ma verdwyn, word hy in haar plek koning van Kalimbula, 'n geheime vallei iewers in Oos-Afrika. Hy staan bekend as Hoofman Zimbila – die Ratel. Josh beleef talle moeilike uitdagings om Kalimbula en haar mense teen verskeie bose vyande te beskerm. Hy is aanvanklik bang vir hoogtes. (hoogtevrees) Hy verwys na homself as die Saggeaarde Dapper Een (bl. 221). |
| **Njeri Nagadingo** | Njeri is 'n vyftienjarige meisie wat in Kalimbula bly. Sy word Josh se beste vriend en is een van die Viermanskap wat Josh help met sy moeilike en gevaarlike take as koning. Sy is lank en lenig, en 'n baie goeie vegter. Sy is liggaamlik sterk en rats. Sy word maklik kwaad, maar is bo alles 'n lojale vriend vir Josh. Sy gesels nie graag oor haar familie nie. |
| **Ngandu (Die wyse man)** | Ngandu is een van die oudstes en ook **een van die twee wyse manne in Kalimbula**. Hy word Josh se raadgewer en help hom met die uitdagings tydens sy koningskap. Hy is ook een van die Viermanskap, die binnekring van Josh, en ook Josh se skakel tot die oudstes in die vallei. Hy het Charlie (die aardwolf) grootgemaak. Hy is baie eksentriek en bly alleen in 'n grot in die Blouberg. Alhoewel hy eienaardige, lawwe goed doen, is hy 'n slim ou man wat Josh help om oplossings te kry om Kalimbula se vyande te verslaan. |
| **Charlie (Aardwolf)** | Charlie is die vierde lid van die Viermanskap. Hy word Josh se getroue vriend vanaf hul eerste ontmoeting en vergesel hom gereeld op sy ekspedisies. Hy trek by Josh in en bly saam met hom in die koningshut. Hy slaap hoofsaaklik in die dag en swerf deur die vallei in die nag op soek na kos. Hy is mal oor termiete en rysmierkoekies. |
| **Die professor (Chris)** | Die professor is een van Kalimbula se **grootste vyande**. Hy maak **kurizas** (zombies) van die mense en diere wat dan sy volgelinge word wat hy beheer en wat al sy opdragte uitvoer. Hy wil die hele Kalimbula en die res van Afrika so beheer. Hy glo Josh se bloed is die kuur wat sy volgelinge weer normaal sal maak. Omdat hy bang is hy gaan so beheer verloor, is hy op Josh se spoor om hom |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| | dood te maak. Die professor staan ook bekend as Impizi (die hiëna). |
| **Solomon (Shevu)** | Solomon het slap oë, hare wat woes uit sy neusgate groei en 'n mond wat te groot is vir sy baardgesig. Sy regte naam is Shevu. Hy word vermoor. |
| **Prinses Dilifu (Die kryger)** | Sy is **Hoofman Pingana se enigste dogter** en het twaalf jaar gelede op die Sombameer verdwyn. Die mense van Kalimbula het haar op die meer weggestuur (geoffer) sodat die voorvaders vir die land reën stuur. Maar anders as wat haar pa en die res verwag het, het sy nooit teruggekom selfs nadat dit gereën het nie. |
| **Silvia Meredith McGreer** | Silvia is Josh se ma. Sy gee klas aan 'n universiteit in Londen en het saam met die professor navorsing gedoen op die rooimuishond in Kalimbula. Sy het vermoedelik 'n kuur ontwikkel wat die zombies weer normaal sal maak en het dus **een van die professor se vyande geword**. Silvia het twee jaar gelede verdwyn en almal glo sy is dood. Sy staan ook bekend as Jandenga, die **heuningvoëltjie**. |
| **Die sifashama** | Die sifashama bestaan uit van die oudstes van die vallei. Hulle is anoniem en dra rooi boombasmantels. Hulle gesigte word bedek deur groot kappies wat ver oor hulle gesigte getrek word. Hulle staan die koning by met raad en hul dra Kalimbula se belange op die hart. |
| **Verona Barrington (Joshua se tannie)** | Verona is Silvia se suster en het ook in Engeland grootgeword. Sy behartig die boerdery op Demsley, hul Afrikaplaas, nadat haar man Walter in 'n rolstoel beland. Sy is gemeen, wreed en hardvogtig en gee eintlik net vir haar twee dogters om. Sy is 'n goeie bakker en sy skilder. Sy hou daarvan om te onthaal. |
| **Masjeba Machawi (Die heks)** | **Masjeba is ook een van Kalimbula se vyande**. Anders as die professor, wil sy heerser word van Kalimbula. Sy is boos, 'n oortuigende leuenaar en gebruik sterk toorkuns. Daarom is sy 'n groot gevaar vir die land en haar mense. Sy bly in 'n boomhuis in die Kuvura-woud – 'n dooie landskap met vreesaanjaende diere. **Een van haar helpers is Tai, die aasvoël**. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Water Barrington (Oom Wally)** | Wally is Verona se man. Hy is in 'n rolstoel nadat hy in 'n perdry-ongeluk beseer is. Hy was 'n vriendelike, aangename man en was soos 'n pa vir Josh, maar na die ongeluk kan hy glad nie meer praat of beweeg nie. |
| **Muriel Barrington** | Muriel is sewe jaar oud en die jongste dogter van Wally en Verona. Sy het wortelrooi hare, bruin oë, sproete en 'n ronde lyfie en is nie so slim soos haar suster nie. Sy word baie bederf en kry alles wat haar hart begeer. |
| **Etta Barrington** | Etta is die negejarige (en oudste) dogter op die plaas en verskil heeltemal van haar suster wat voorkoms en geaardheid betref. Sy is lank en maer met 'n spitsneusie, wit vel en swart hare. Sy is 'n slimkop en Josh kom met haar die beste oor die weg. |
| **Wamombi (Doris)** | Doris werk vir Verona op die plaas en versorg ook vir Wally. Sy is ook Silvia se vriendin. **Sy help en beskerm Josh terwyl hy op die plaas bly** nadat sy ma verdwyn het. Haar Afrikanaam is **Wamombi** en sy kom oorspronklik van Kalimbula af. |
| **Tarampi (Die wyse man)** | Hy is die ander wyse man in Kalimbula en het die vorige koning, Hoofman Pingana, met raad bygestaan. Hy bly in die gevreesde Mabandiberge in 'n berghut en is **Ngandu se vriend**. |
| **Akunu (Die ystersmid)** | Akunu is 'n Uchubi-man wat Silvia en die professor vir jare lank gehelp het met hul navorsing in die vallei. Hy woon in **Bodonga** saam met sy vrou waar hy 'n **ystersmid** is. |
| **Hoofman Pingana** | Hoofman Pingana is die **vorige koning van Kalimbula** en is twee jaar gelede dood. Op sy sterfbed het hy die professor as opvolger aangewys (**sien bl. 150**) omdat sy twee kinders verdwyn het. Sy plan was om deur Silvia Kalimbula teen al die vyande te beskerm. |
| **Minokkos** | **Bose klein mannetjies** wat in die Gombi-moerasse aan die rand van die Kuvura-woud bly. Hulle het groot koppe en kort lywe; dra maskers met reusemaanhare, spierwit gesigte en klein skrefie-oë. Hulle hop en spring en kommunikeer deur middel van snorke, gille en gromme. Hulle eet alle soorte vleis. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Kurizas** | Kurizas is siellose zombies en die professor se maaksels. Hy gebruik die rooimuishond se besmette bloed om mense en diere in sy volgelinge te verander. Hulle voer al sy opdragte getrou uit. |
| **Uchubi's** | Die Uchubi-stam is die tweede grootste stam van Kalimbula. Hulle is ernstige, stil mense met 'n antieke taal en eeu-oue tradisies. Hulle woon hoofsaaklik in die hoofdorp, Bodonga. |
| **Magani's** | Die Magani-stam is die grootste stam van Kalimbula. Hulle is opgeruimde en vrolike mense, wat daarvan hou om sosiaal te verkeer. Hulle bly hoofsaaklik in Liba, Stat van Konings, en Kipoko, die handelstat. |
| **Oom Dave** | Joshua se ma se neef. |
| **Meneer Bediako** | Hy is van Ghana afkomsitg. Hy was Njeri se onderwyser en was ook 'n sendeling. |
| **Jennifer** | Jennifer is 'n gas by tannie Verona se partytjie. (Muriel se verjaarsdagpartytjie.) |
| **Donovan** | Donovan is tannie Verona-hulle se bure se seun. |
| **Suzie Galton** | Josh het met Suzie gedans tydens die juniorbal by sy skool. |
| **Juffrou Wentworth** | Sy was Josh se aardrykskunde-onderwyseres (Geografie). |
| **Meneer Granville** | Hy is 'n oorgewig onderwyser by Josh se skool. Sy voet het eenkeer aan die laaste trappie van die verhoog vasgehaak waarna hy geval het. |
| **Mevrou Lovemore** | Sy was Josh se gimnastiekonderwyseres. |
| **Pewa** | Pewa is 'n vriendin van Akunu se vrou. |
| **Zatji** | Zatji is Pewa se dogter. Sy was siek en Silvia (Josh se ma) moes haar behandel. |
| **Lazua** | Lazua is die seun van 'n handelaar. Njeri se pa wou hê dat Njeri met hom moes trou. |
| **Tai (Die aasvoël)** | Tai is deur Masjeba (die heks) grootgemaak en hy is haar helper, vertroueling en vriend. |



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Smithy (Die papegaai)** | Smithy is die Barrington-gesin se papegaai. Hy praat graag, maar is 'n moedswillige terggees en byt graag vingers. |

**DIE WYSE MANNE IN DIE VALLEI**

**Tarampie**

**Ngandu**









Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


“Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan” (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

**WENK**

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir ‘tuiswerk’ te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

**PROLOOG (bl. 7-8)**

a) Wat is die doel van die proloog in die jeugroman?

b) Watter taal praat die vrou en die ou man? (Lees meer oor hierdie fiksionele taal: Jungu-Josh_Magani-frases-1.pdf (jungujosh.com))

c) In watter deel van die Afrikakontinent is die plaas geleë?

d) Daar is 'n "kol op haar wit uniform". Watter afleiding kan die leser omtrent die vrou se beroep maak?

e) Waarom, dink jy, is die vrou daardie dag nie bekommerd oor die "kol" op haar wit uniform nie? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 1 (bl. 9-14)**

**Opsomming:**

Josh kuier by sy ma se suster-hulle op hul plaas. Sy besoek duur veel langer as wat aanvanklik beplan is. Sy tannie is onvriendelik teenoor hom en dreig gereeld om hom te straf deur met 'n pienk nagrok te moet slaap. Sy twee niggies se optrede teenoor hom is nie veel beter nie. Sy ma het hom op die plaas gelos sodat sy haar navorsing kan doen. Daardie aand word die plaashuis met 'n fyn oog deur 'n aardwolf dopgehou. Die aardwolf moet belangrike nuus aan sy eienaar oordra. 'n Persoon verskyn op die plaaswerf en wanneer die persoon die plaaswerf verlaat, hoor die aardwolf sy bose lag.

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Uit watter vertelperspektief word die verhaal aangebied?

1.2. Wat is die verskil tussen 'n noemnaam en 'n doopnaam?

1.3. In watter bui (mood) is tannie Verona wanneer sy iemand op sy of haar doopnaam aanspreek?

1.4. Verduidelik waarom Josh nie die vleis op sy bord wil eet nie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.5. Watter dreigement maak tannie Verona teenoor Josh?

1.6. Is Fiona ’n persoon? Verduidelik.

1.7. Dink jy tannie Verona is ’n liefdevolle tante? Gee ’n rede vir jou antwoord.

1.8. Is dit reg om iemand nie op sy of haar regte naam te noem nie? **Bespreek in die klaskamer**.

1.9. Hoe lank woon Josh al op sy oom en tannie se plaas?

1.10. Watter afleiding omtrent Josh se ma kan die leser maak aangesien sy besig is om “navorsing” te doen?

1.11. Dink jy Muriel het haar verjaarsdagpartytjie geniet? Gee ’n rede vir jou antwoord.

1.12. Waarom het die aardwolf die afgelope twee weke vir Josh dopgehou?

**HOOFSTUK 2 (bl. 15-24)**

**Opsomming:**

Dit is die dag van Muriel se verjaarsdag. Sy is baie kwaad vir haar ma nadat sy haar geskenk oopgemaak het. Om haar te kalmeer, belowe haar ma dat sy vir haar ’n babahondjie sal koop. Josh moet verskeie takies vir sy tannie verrig. ’n Man daag onverwags by die plaas op. Hy help tannie Verona om die tafels vir die partytjie op die regte plekke te plaas. Voor die partytjie vra tannie Verona vir Josh om haar papegaai te gaan haal. Die papegaai byt Josh op sy vinger. Josh kom agter dat Solomon na hom staar. Solomon haal sy wit sakdoek uit sy broeksak en druk die lap op Josh se wond. Tannie Verona is aanvanklik geskok om Josh se bloeiende duim te sien, maar haar houding verander skielik en sy tree weer eens onsimpatiek teenoor hom op.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Verduidelik waarom Muriel ongelukkig voel nadat sy haar geskenk oopgemaak het.

2.2. Wat het Josh vir Muriel as geskenk gegee?

2.3. Dink jy Muriel se reaksie is gepas? **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Solomon is Doris se neef.

2.5. Wat is vreemd omtrent Solomon se optrede? Bespreek.

2.6. Watter afleiding kan die leser maak omtrent die partytjie en spesifiek tannie Verona se dekor?

2.7. Dink jy dit is normaal dat Solomon die bebloede sakdoek terug in sy sak sit? Gee ’n rede vir jou antwoord.

2.8. Skryf ’n kort paragraaf van 50-60 woorde waarin jy jou ideale verjaarsdagpartytjie beskryf.

**HOOFSTUK 3 (bl. 25-30)**

**Opsomming:**

Tannie Verona is in haar skik met die partytjie wat sy gereël het. Die partytjie is egter nie ’n tipiese kinderpartytjie nie aangesien die dekor, kos en drank vir volwassenes bedoel is. Die kinders geniet nie die partytjie nie en Muriel is bekommerd oor die feit dat daar baie min van haar skoolmaatjies by die partytjie is. Doris is besig om die kombuisvloer skoon te maak en gevolglik vra tannie Verona vir Josh om vir sy oom tee en ’n bordjie eetgoed te neem. Josh is egter skrikkerig, maar stem in om tannie Verona se opdrag te gehoorsaam. Wanneer hy sy oom probeer voer, gryp sy oom sy arm en hy laat val die bordjie eetgoed. Hy hardloop weg en hoor hoe sy oom prewel oor iets wat hy buite waarneem.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Wat is jou mening oor die kos wat by Muriel se verjaarsdagpartytjie bedien word. **Bespreek in die klaskamer**.

3.2. Wat is “kaviaar”? (bl. 26)

3.3. Verduidelik waarom tannie Verona nie vir Muriel wil sê hoekom daar so min van haar skoolmaats by haar partytjie is nie.

3.4. Waarom, dink jy, hou tannie Verona haar man weg van enige geselskap?

3.5. Wat was Saterdae vir Josh spesiaal voor oom Wally se ongeluk?

3.6. Wie is “Voldemort” waarna Josh op bl. 28 verwys?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

3.7. Hoe lank gelede het oom Wally se ongeluk plaasgevind?

3.8. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Oom Wally is daarvan bewus dat iets of iemand gevaarlik by die partytjie teenwoordig is.

3.9. Wat bedoel Josh wanneer hy na die Fishers verwys as “neus-in-die-lug”? Verduidelik.

**HOOFSTUK 4 (bl. 31-39)**

**Opsomming:**

Josh moet daagliks hard werk op die plaas. Sy rug word seer van al die take wat hy moet verrig. Sy niggies speel Monopoly en raak in ’n woordewisseling betrokke. Daardie aand droom Josh van sy tannie waar hy in ’n stoel op die stoep aan die slaap geraak het. Dit is egter vreemd dat sy baie aangenaam teenoor hom optree in sy droom. In die middel van die nag skrik hy wakker en probeer so stil as moontlik by die huis ingaan. Die ligte werk nie aangesien die kragopwekker afgeskakel is. Smithy, tannie Verona se geliefde papegaai, begin egter ’n gesprek met Josh voer. Smithy noem dat Josh se ma nie dood is nie en sê dat hy vir Josh kan wys waar sy ma is. Josh maak Smithy se hok se deurtjie oop sodat Smithy hom kan wys waar sy ma is. Hy besef egter dat iets nie reg voel omtrent die situasie nie.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Watter take moet Josh op die plaas uitvoer?

4.2. In watter land word die “£”-geldeenheid gebruik?

4.3. Hoeveel tyd het intussen verloop sedert Muriel se verjaarsdagpartytjie?

4.4. In watter stad het Josh met sy ma gewoon?

4.5. Verduidelik waarom niemand naby die spitsdakskuur mag kom nie.

4.6. Dink jy tannie Verona vertel die waarheid omtrent die vorige plaaseienaar wie se seuntjie dood is? **Bespreek in die klaskamer**.

4.7. Aan watter bekende gedig deur C.J. Langenhoven laat die verwysing na die “mot” op bl. 33 jou dink? (Kyk op die internet of in die *Groot verseboek*.)



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

4.8. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Josh hou nie van piesangbrood nie.

4.9. Lees weer bl. 34. Stem tannie Verona se gedrag ooreen met die beskrywing? Bespreek.

4.10. Verduidelik waarom tannie Verona-hulle van ’n kragopwekker gebruik maak.

4.11. Hoe sal jy reageer indien ’n papegaai skielik ’n gesprek met jou voer? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 5 (bl. 40-50)**

**Opsomming:**

Josh hardloop in die donker al hoe verder weg van die plaashuis terwyl hy Smithy volg. Josh is baie opgewonde, want hy wil sy ma sien soos Smithy beloof het. Later struikel hy en val op die grond neer. Wanneer hy opkyk, is dit egter nie sy ma wat hy sien nie. Solomon wil Josh vermoor, maar Doris kom tot sy redding wanneer sy Solomon met ’n stuk hout bewusteloos slaan. Doris waarsku Josh dat hy nie terug plaas toe kan gaan nie en dat hy nie die polisie se hulp kan vra nie aangesien hulle slegte mense is. Doris wil Josh teen die gevaar waarin hy verkeer beskerm en neem hom na Kalimbula, ’n geheime vallei. Die vallei is die plek van Doris se voorvaders. Josh moet egter alleen die pad vorentoe aandurf aangesien Doris terug plaas toe moet gaan. Sy gee vir hom aanwysings na Ngandu se grot. Sy waarsku hom egter teen die gevare wat hy op pad na die grot in die gesig kan staar en dat hy nie met mense moet praat nie.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Verduidelik hoe Josh weet in watter rigting hy moet hardloop?

5.2. Wat is die verskil tussen ’n “wildernis”, “savanna” en “woud”? (Gebruik ’n woordeboek om die betekenis op te soek.)

5.3. Beskryf die persoon wat Josh sien toe hy opkyk nadat hy geval het.

5.4. Verduidelik wat Solomon bedoel wanneer hy sê: “Ek hoop nie jy voel in die gesig gevat nie.” (bl. 41)

5.5. Word Solomon se woorde in vraag 5.4. **letterlik** of **figuurlik** gebruik?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

5.6. Waarom is Solomon van mening dat Josh nie "gemaak is vir 'n harde plek soos Afrika nie"?

5.7. Wat simboliseer die bloedbevlekte sakdoek wat Solomon uit sy broek se sak haal?

5.8. Wat is 'n "maraboe"? (bl. 47)

5.9. Verbeel jouself jy is Josh. Doris gee vir jou instruksies om tot by Ngandu se grot te kom. Maak 'n lys met aanwysings hoe om by Ngandu se grot te kom.

5.10. Vir watter dier moet Josh baie versigtig wees?

5.11. Josh is bang vir hoogtes. Watter vrese het jy? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 6 (bl. 51-53)**

**Opsomming:**

Die professor is woedend omdat Shevu nie sy opdrag uitgevoer en Josh vermoor het nie. Shevu pleit by die professor om hom genadig te wees, maar die professor is smoorkwaad. Wanneer die professor op die been om sy nek begin fluit, daag 'n yslike hiëna op. Shevu sterf op 'n gruwelike wyse. Die professor is doelgerig op soek na Josh en gaan hom agtervolg.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

6.1. Wat dra die professor om sy nek?

6.2. Wat is die doel van die voorwerp wat die professor om sy nek dra?

6.3. Verduidelik hoe Shevu gesterf het.

6.4. Watter afleiding omtrent die professor se persoonlikheid kan die leser maak ten opsigte van sy optrede teenoor Shevu? Bespreek.

6.5. Op watter wyse is die professor van plan om Josh op te spoor?

**HOOFSTUK 7 (bl. 54-57)**

**Opsomming:**

Josh droom oor sy ma. Aanvanklik is hy nie seker of dit wat hy sien die realiteit is en of hy homself verbeel nie. Hy het soveel vrae wat hy sy ma wil vra, maar die belangrikste vraag is om vas te stel of sy ma nog leef of nie. Hy kry egter nie 'n



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

klinkklare antwoord op sy vraag nie. Sy ma verduidelik bloot dat dinge partykeer bietjie ingewikkeld is. Josh is egter baie honger en vergryp hom aan die eierbrood wat sy ma voorberei het. Hy skrik egter wakker uit sy droom en sien 'n meisie wat hom 'n harde skop teen sy been gegee het. Die meisie is op pad woud toe om kos te gaan kry. Josh besluit om die meisie te volg. Sy waarsku hom dat die mense van Kalimbula nie vertrou kan word nie. Alhoewel hy skrikkerig is om die meisie verder te volg, besluit hy om tog maar die kans te waag en die pad verder aan te durf op soek na iets om te eet.

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Waar het Josh gewoon voor hy by sy tannie-hulle op die plaas gaan woon het?

7.2. Voer 'n gesprek oor drome in die klaskamer. Waaroor droom jy? Kry jy gereeld nagmerries? Waarom, dink jy, droom 'n mens. (**Enige relevante bespreking oor drome kan deur die onderwyser gelei word**.)

7.3. Dink jy dit is vreemd dat Josh suiker op sy brood gooi? Gee 'n rede vir jou antwoord.

7.4. Gee 'n kort beskrywing van die meisie wat Josh teen sy been geskop het.

7.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die meisie is vol selfvertroue.

Tafelberg

7.6. Waaroor is Josh bekommerd wanneer die meisie hom nooi om saam te kom op soek na iets om te eet?

7.7. Wat sou jy gedoen het indien jy jouself in Josh se skoene bevind het? Sou jy die meisie vertrou het? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 8 (bl. 58-68)**

**Opsomming:**

Josh en Njeri is op soek na iets om te eet. Njeri is van plan om 'n bosvark te jag, maar Josh dink nie dit is 'n goeie idee nie. Njeri het egter nie 'n jaggeweer om die bosvark te skiet nie, maar het 'n ander plan wat sy in die mou voer. Sy gaan die bosvark met 'n spies jag, maar Josh gaan as aas gebruik word om die bosvark uit sy skuilplek te lok. Later vertel Njeri vir Josh van meneer Bediako en wat hy haar alles geleer het. Sy is egter huiwerig om oor haar persoonlike lewe te praat. Josh vertel haar waarom hy na Kalimbula moet gaan. Njeri is egter geskok om uit te vind wie Josh se ma is en



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

boonop was sy onder die indruk dat Josh McGreer dood is. Njeri besluit dat sy Josh so gou as moontlik na Ngandu moet neem sodat hy weet dat Josh daar is. Daardie aand slaap Josh in Njeri se boomhuis ten spyte daarvan dat hy hoogtevrees het.

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Verduidelik waarom Njeri Josh ontmoedig om die bessies in die vallei te eet.

8.2. Waaroor is Josh baie selfbewus?

8.3. Hoe het Njeri daarin geslaag om die bosvark uit sy skuilplek te lok?

8.4. Waar het Josh skuiling gevind toe die bosvark op hom afpyl?

8.5. Hoe sou jy gevoel het indien jy soos Josh deur Njeri verneder is? **Bespreek in die klaskame**r.

8.6. Verduidelik wat 'n "pipitswavlieg" is.

8.7. Waarom is Josh se pa nie meer teenwoordig in sy lewe nie?

8.8. Gee 'n volledige verduideliking wat 'n "Jungu" is.

8.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Magani is 'n tipe bessie wat in Kalimbula voorkom.

8.10. Watter skokkende inligting deel Njeri met Josh?

**HOOFSTUK 9**

**Opsomming:**

Die professor is steeds op soek na Josh. Twee boeties wat op pad was om water by die rivier te gaan haal, het Josh gesien. Hulle vertel die professor dat hulle onthou het om hom te sê indien hulle enige vreemde mense sien. Die professor sê vir die twee boeties om huis toe te gaan aangesien dit gevaarlik is wanneer dit donker is. Hy skryf iets in sy notaboek neer. Hy is vasbeslote dat hy Josh gaan opspoor en dat Josh doodgemaak sal word.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**?

9.1.1. Die professor het die twee boeties betaal vir die inligting wat hulle met hom gedeel het.

9.1.2. Die professor dra kakieklere.

9.1.3. Josh het alleen in die rivier gespring.

9.1.4. Die seuns stoot hulle bors uit omdat hulle trots is op die feit dat hulle die professor van Josh vertel het.

9.1.5. Die seuns woon in huise langs die rivier.

**HOOFSTUK 10**

**Opsomming:**

Njeri en Josh loop deur die wildernis. Dit reën en Josh kla oor die gebrek aan sambrele en reënjasse. Josh trap per ongeluk op Njeri se haksteen en hulle begin stry. Wanneer Njeri 'n opmerking oor Josh se ma maak, bestorm hy haar en 'n stoeigeveg vind plaas totdat Josh per ongeluk aan haar bors vat. Dit laat hom skaam voel. Die onderonsie gaan voort en uiteindelik gee beide bes. Tydens die staptog kom hulle op 'n seekoei af. Njeri bedink 'n plan sodat hulle nie deur die seekoei aangeval word nie. Later word hulle deur 'n massiewe ondier gejaag en moet in 'n boom skuiling soek. Njeri begaan egter 'n groot fout wanneer sy die panga uit die boom laat val.

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Verduidelik waarom Njeri Josh se voete onder hom uitgestamp het.

10.2. Dink jy sy was geregverdig om dit te doen? Motiveer jou antwoord.

10.3. Waarom het Josh vir Njeri aangeval?

10.4. Verduidelik Josh se reaksie nadat hy per ongeluk aan Njeri se bors gevat het.

10.5. Noem die drie opsies wat Josh-hulle het om van die seekoei te vlug.

10.6. Watter plan het Njeri bedink om die seekoei af te skrik? Verduidelik.

10.7. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die seekoei het gevlug omdat Njeri se plan suksesvol was.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

10.8. Wat veroorsaak die oorweldigende stank wat Josh ruik?

10.9. Waarom, dink jy, was dit problematies dat Njeri die panga uit die boom laat val het? **Bespreek moontlike redes in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 11 (bl. 81-83)**

**Opsomming:**

Die professor is op Josh se spoor. Hy het afgekom op die oorblyfsels van die bosvark op die spit wat Josh en Njeri die vorige aand geëet het. Aangesien dit die vorige aand gereën het, neem dit langer om Josh op te spoor. Hy is egter oortuig dat hy Josh gaan opspoor. Josh en Njeri is vasgevang in die boom en die professor dreig om hulle te skiet. Njeri het egter 'n plan gemaak sodat hulle kan ontsnap. Hulle slaag daarin om te vlug nadat Njeri die professor met haar kierie beseer het.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Verduidelik hoe die professor geweet het dat Josh nie alleen in die boom is nie.

11.2. Hoekom het die reën sy soektog na Josh moeiliker gemaak?

11.3. Wie het die professor gehelp om Josh op te spoor?

Tafelberg

11.4. Op watter wyse het Josh en Njeri daarin geslaag om van die professor te ontsnap. Bespreek.

11.5. Wat beteken die woord "vergelding"? (bl. 83) Gebruik 'n woordeboek om die betekenis op te soek.

**HOOFSTUK 12 (bl. 84-104)**

**Opsomming:**

Josh en Njeri het daarin geslaag om te vlug en het uiteindelik die Blouberg waar die kameelperdtekening op die klip is, bereik. Hulle stap verder tot by die grot. Josh stap by die grot in en kom skreeuend agteruit gestap. Josh ontmoet Charlie, die aardwolf. Later ontmoet hy Ngandu waar hy soos 'n vlermuis kop-onderstebo hang. Ngandu is bly om Josh te ontmoet aangesien hy hom verwag het. Tydens etenstyd gee Ngandu vir Josh Mabandiboontjies om te eet nadat hy nie van die eerste gereg gehou het nie. Volgens Ngandu gee die boontjies mens energie om vir dae aaneen te hardloop. Josh



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

gaan krag nodig hê om sy reis te voltooi. Dié reis moet Josh van ’n spreekwoordelike mossie na ’n arend verander.

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Wat is Njeri besig om te doen wanneer sy haar “spies met ’n klip slyp”? Verduidelik.

12.2. Waarom het Josh amper nie die tekening raakgesien nie?

12.3. Verduidelik waarom Josh met Ngandu moet praat.

12.4. Wat is ’n aardwolf? (**Gebruik ’n woordeboek om die betekenis op te soek**.)

12.5. Waarom noem Ngandu die aardwolf “Charles Die Grote”?

12.6. Watter reuk is opvallend in die grot?

12.7. Beskryf Ngandu se fisieke voorkoms. (bl. 89)

12.8. Lees die woorde van die liedjie wat Ngandu op bl. 89 sing. Is Josh en Njeri verlief op mekaar?

12.9. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Wamombi is Doris se regte naam.

Tafelberg

12.10. Verduidelik waarom Ngandu vir Njeri gesê het dat Josh McGreer dood is.

12.11. Waarom het Charlie in die bad geklim terwyl Josh besig was om homself te bad?

12.12. Wat sal Josh moet prysgee om antwoorde op sy vrae te kry?

**HOOFSTUK 13 (bl. 105-113)**

**Opsomming:**

Ngandu maak vir Josh wakker. Charlie het hom gewaarsku dat gevaar op pad is. Ngandu verduidelik vir Josh dat hy dapper moet wees en nie van die gevaar kan weghardloop nie. Hy stuur hom na Masjeba sodat sy vir hom kan vertel wat twee somers gelede by die Stat van Konings gebeur het. Njeri is egter baie bekommerd aangesien Josh Masjeba moet gaan spreek. Ngandu gee vir haar ’n bottel wat sy saam moet neem. Hulle moet veral versigtig wees vir die Minokkos. Njeri is baie haastig en Josh merk op dat sy altyd kwaad is. Njeri is nie bereid om oor haar familie



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

te praat nie en kla dat alles altyd net ’n gesukkel is. Sy sê vir Josh dat die goeie mense altyd minder is as die wat kies om sleg te wees en op te tree. Sy vertel vir Josh van die Kuvuru-woud en gee vir hom ’n glasbuis waarin die oranje blommetjie is. Hy moet die bottel (glasbuis) oopmaak wanneer hy by die Somba-meer arriveer.

**Kontekstuele vrae:**

13.1. Hoe kommunikeer Charlie met Ngandu wanneer hy wil aandui dat gevaar op pad is?

13.2. Watter taak moet Josh verrig om die boosheid wat in Kalimbula ronddwaal te vernietig?

13.3. Verduidelik wat “Minokkos” is.

13.4. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Minokkos beoefen kannibalisme.

13.5. Waarom is Njeri kwaad vir Josh se ma? Verduidelik.

13.6. Wat beteken die term “jungu” in Wes-Afrika?

13.7. Wat is vreemd omtrent die Kuvura-woud indien dit met ander woude vergelyk word?

13.8. Sou jy ook vir die heks, Masjeba, skrikkerig gewees het? Gee ’n rede vir jou antwoord.

13.9. Hoekom moet Josh die glasbuis met die oranje blommetjie daarin by die meer oopmaak?

13.10. Vind jy Josh en Njeri se fiktiewe reis tot dusver opwindend? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 14 (bl. 114-129)**

**Opsomming:**

Die woud waarin Josh loop is totaal anders. Die bome lyk anders en alles is droog. Hy is op soek na die voetpad. Hy hoor kraakgeluide en is bekommerd dat iets of iemand hom gaan aanval. Hy beland wel in die voetpad nadat iemand hom met ’n geel bol Mabandiboontjies teen die agterkop gegooi het. In die boomtoppe langs die voetpad sit bobbejane vir Josh en kyk. Hul oë hou hom dop soos hy stap. Wanneer hy die meer bereik, maak hy die glasbottel oop. Die oranje plantjie gee ’n onsmaaklike reuk af.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Terwyl hy van die reuk probeer ontsnap, swiep 'n aasvoël op hom af en gryp sy knapsak. In die meer verskyn 'n boot met 'n beeldskone jong vrou daarin. Sy nooi hom aan boord. Later besef hy dat die beeldskone vrou nie is wie sy voorgee om te wees nie. Hy kan egter nie vlug nie aangesien die meer vol krokodille en slange is. Wanneer Josh Masjeba (die heks) se huis bereik, sien hy die aasvoël (Tai) wat sy knapsak gegryp het. Nadat hy geëet het, verduidelik Masjeba vir Josh waarom die water van Somba nooit geflous kan word nie. Masjeba waarsku Josh dat sy lewe in gevaar is en dat die Professor sy ma ken. Later plaas sy 'n rooikop-paddastoel op Josh se handpalm wat hom laat hallusineer. Masjeba sê vir Josh om homself voor te berei vir 'n ongelooflike reis.

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Wie is juffrou Wentworth?

14.2. Wie, dink jy, het Josh met die geel bal Mabandiboontjies gegooi? **Bespreek in die klaskamer.**

14.3. Watter bewys vind die leser op bl. 117 dat Josh stadig maar seker besig is om dapper te word?

14.4. Wat sien Josh wanneer hy die vrou se weerkaatsing in die water sien?

14.5. Verduidelik waarom die heks haarself vermom het.

14.6. Wat was die eintlike rede waarom Tai Josh se knapsak gegryp het? Bespreek.

14.7. Waarom is Josh se ma die grootste vyand van diegene wat Kalimbula vir hulself vir hê?

14.8. Is dit veilig om die rooikop-paddastoele te eet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

14.9. Wat beteken dit om te hallusineer? (**Gebruik 'n woordeboek om die betekenis op te soek indien jy onseker is**.)

14.10. In sprokiesverhale word hekse meestal as die bose karakter uitgebeeld. Dink jy Josh moet en kan Masjeba vertrou? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 15 (bl. 130-148)**

**Opsomming:**

Die kraai lok Josh tot op 'n boomtak waarna Josh tot in die meer tuimel. Later bevind hy homself in 'n hut. Wanneer hy die hut verlaat, sien hy 'n klomp mense en 'n klein



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

dogtertjie hou sy hand vas. Hierdie keer het Masjeba haarself as ’n klein dogtertjie vermom. Sy verduidelik dat alles wat Josh sien ’n illusie is van twee somers gelede. Hulle stap in die rigting van die groot hut op die heuwel. In die hut lê die sterwende koning. Sy raadgewer is by hom en voer sy laaste opdrag uit deur die houtkissie met die goue kalbas daarin versteek, oop te maak. Later vlug Tarampi deur ’n geheime tonnel sodat hy die goue kalbas kan beskerm. Later bevind Josh homself op ’n stomp wat in die middel van ’n rivier dryf. Die heks neem hom na ’n kamp waar sy ma en die professor besig is met hul navorsing. Dit blyk egter ’n illusie te wees van ’n gebeurtenis wat in die verlede plaasgevind het. Beide word met Kalimbula se hoogste eerbewys vereer. Hulle is nou lede van die sifashama. Wat egter interessant is, is dat Ngandu ’n hiëna (Impizi) op Silvia se voorkop met as teken terwyl die professor as Jandenga bekend sal staan. Josh merk egter op dat daar ’n heuningvoëltjie op die professor se voorkop geteken is. Hy onthou skielik dat hy dieselfde prentjie by hoofman Pingana se sterfbed gesien het.

**Kontekstuele vrae:**

15.1. Hoekom kan die kraai met Josh kommunikeer. Verduidelik.

15.2. In watter stat bevind Josh homself?

15.3. Verduidelik wie Tarampi is.

15.4. Gee ’n volledige beskrywing van die kissie wat Tarampi uit die grond gehaal het asook die inhoud daarvan.

15.5. Wat moet met Josh gebeur om telkens na ’n nuwe omgewing te kan spring?

15.6. Maak ’n lys van al die gedaantes waarin die heks haarself vermom het.

15.7. Wat is vreemd omtrent die illusie wat Josh waarneem waarin sy ma en die professor verskyn? Bespreek.

15.8. Het iemand werklik hulle aantekeninge en bloedmonsters gesteel? Verduidelik.

15.9. Waarom bied Akunu aan om Silvia en die professor met hulle navorsing te help?

15.10. Wie is Kalunga?

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 16 (bl. 149-155)**

**Opsomming:**

Josh is terug in Masjeba se boomhuis. Sy verduidelik aan hom wat gebeur wanneer die amajali uitgewerk is. Josh besef egter dat hoofman Pingana die troon aan die professor toevertrou het. Masjeba verduidelik aan Josh dat daar ’n sekere proses is wat voltooi moet word voor die professor as die nuwe koning van Kalimbula erken sal word. Danksy Tarampi kan die professor nie die nuwe koning word nie aangesien hy die goue kalbas versteek het. Tarampi het besef dat die professor ’n gevaarlike persoon is. Masjeba is egter self op soek na die goue kalbas.

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Aan wie het hoofman Pingana die troon oorgedra.

16.2. Verduidelik waarom hoofman Pingana se seun of dogter nie die nuwe koning of koningin van Kalimbula kon word nie.

16.3. Wat gaan gebeur indien die goue kalbas nie gevind word nie? Verduidelik.

16.4. Waarom moet Josh Tarampi se vriend gaan besoek?

16.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Masjeba wil die goue kalbas opspoor sodat Josh die nuwe koning kan word.

16.6. Is Masjeba ’n persoon wat vertrou kan word? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Tafelberg

**HOOFSTUK 17 (bl. 156-169)**

**Opsomming:**

Njeri is op pad na Ngandu se grot. Sy is bekommerd dat hy moontlik aangeval is. Sy hoor Charlie se gehuil en wanneer sy by die grot opdaag, is daar geen teken van Ngandu nie. Toe Josh wakker word, skree die heks en sy sê dat die professor en sy manne hom opgespoor het. Hulle het die boom aan die brand gesteek en hulle lewe is in gevaar. Masjeba beveel Josh om na Bodonga te gaan. Hy moet die ystersmid besoek aangesien hy weet waar die goue kalbas is. Josh slaag daarin om te ontsnap nadat aasvoëls hom opgepik het. Njeri kom toevallig op Ngandu af. Sy is bly om te sien dat hy leef. Ngandu verduidelik vir haar dat sy Josh moet help. Hy vra Charlie om haar te vergesel om sodoende vir Josh op te spoor. Josh is hul enigste hoop om



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

die goue kalbas voor die professor op te spoor en sodoende Kalimbula teen die bose professor se slinkse planne te beskerm.

**Kontekstuele vrae:**

17.1. Dink jy Ngandu is vermoor? **Bespreek in die klaskamer**.

17.2. Watter opdrag gee Masjeba vir Josh voordat die aasvoëls hom oppik?

17.3. Hoe het dit gebeur dat Josh uit die lug geval het? Verduidelik.

17.4. Wie maak onverwags sy verskyning?

17.5. Verduidelik hoe Ngandu daarin geslaag het om van die professor en sy manne te ontsnap.

17.6. Soek 'n voorbeeld van Ngandu se droë sin vir humor op bl. 167.

17.7. Watter versoek rig Ngandu tot Njeri?

17.8. Op watter wyse stel Ngandu Charlie in staat om Josh te probeer opspoor?

17.9. Indien jy Njeri was, sou jy jou lewe waag om Josh te help? Bespreek in die klaskamer.

Tafelberg

**HOOFSTUK 18 (bl. 170-176)**

**Opsomming:**

Nadat Josh uit die lug geval het, het hy 'n verbeelde gesprek met Muriel. Toe hy by sy volle bewussyn is, sien hy dat hy half kaal op 'n groot plat klip lê. Sy linkervoet is met 'n voetboei aan 'n ketting vasgemaak sodat hy nie kan ontsnap nie. Die drie aasvoëls se karkasse sis op die vuur waar hulle aan pale vasgemaak is. Mettertyd raak Josh bewus van die Minokkos. Hul was van plan om Josh met 'n byl te vermoor. Charlie kom egter tot Josh se redding deur 'n vermomming te gebruik wat die Minokkos afgeskrik het. Josh besef iemand moes Charlie gehelp het. Is dit Njeri? Sy antwoord nie wanneer hy haar roep nie. Hy en Charlie moet 'n rivier vind.

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Gee 'n volledige beskrywing van die Minokkos.

18.2. Hoe lyk die figuur wat Josh met 'n byl wil vermoor?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

18.3. Beskryf hoe Charlie daarin geslaag het om die Minokkos te verjaag.

18.4. Wie, dink jy, het Charlie gehelp om die Minokkos skrik te maak? Gee ’n rede vir jou antwoord.

18.5. Josh gee baie om vir Charlie. Het jy ’n troeteldier waarvoor jy lief is? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 19 (bl. 177-186)**

**Opsomming:**

Akunu is baie bekommerd aangesien hy weet dat iets verskrikliks binnekort in die vallei gaan gebeur. Hy en sy vrou stry aangesien hy voorstel dat hulle hul huis en die dorp moet verlaat. Sy vrou wil egter nie hul huis verlaat nie en sê dat alles verander het nadat Akunu die goue kalbas begrawe het. Later daag Josh by hul hut op en sê dat hy op soek is na die ystersmid. Akunu verwelkom hom en gee vir hom kos om te eet en klere om te dra. Sy vrou is egter nie ingenome met die onverwagte besoeker nie. Akunu verduidelik vir Josh dat die Mikonnos voor hoofman Pingana se dood nie sou waag om so ver in Kalimbula in te dring nie. Josh vind tydens sy gesprek met Akunu uit dat Akunu sy ma ken en dat sy sy dogter se lewe gered het.

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Hoe weet Akunu dat iets verskrikliks binnekort gaan gebeur? Verduidelik.

19.2. Wat is ’n tsetsevlieg en wat gebeur met ’n mens wanneer jy deur een of meer gebyt word? **Doen navorsing en deel jou bevindinge met die klas**.

19.3. Waaruit kan die leser aflei dat daar onmin tussen Akunu en sy goeie vriend, Tarampi, is? Bespreek.

19.4. Watter taal praat Akunu en sy vrou met mekaar?

19.5. Wanneer laas het Akunu vir Ngandu gesien?

19.6. Watter siekte het Akunu se dogter gehad en wie het haar lewe gered?

19.7. Vir wie het Akunu sewe jaar lank gewerk?

19.8. Akunu is kwaad dat die heks (Masjeba) Josh daarheen gestuur het. Wat lei Josh hieruit af?

19.9. Het Akunu geweet dat Masjeba bewus is dat Tarampi die goue kalbas vir hom gegee het om veilig te bewaar?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 20 (bl. 187-188)**

**Opsomming:**

Die professor sien ’n bekende gloed op die horison wanneer hy deur die dun opening van een van die masker se oë kyk. Hy voel tevrede aangesien hy nie langer die spore hoef te volg nie. Hy weet nou presies waarheen om te gaan.

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Beskryf die mombakkies waardeur die professor met sy een oog loer.

20.2. Waarvoor sal ’n persoon mombakkies gebruik?

20.3. Deur wie of wat word die professor en die groep mans agtervolg?

**HOOFSTUK 21 (bl. 189-204)**

**Opsomming:**

Josh wonder waarom die professor op soek is na hom indien hy nie noodwendig agter die Hoba-boekrol aan is nie. Akunu verduidelik vir Josh dat die geskiedenis rondom hoofman Pingana se opvolger kompleks is. Josh is geskok wanneer hy uitvind dat sy ma as koningin gekies is. Josh het egter ’n opdrag om te voltooi. Hy het twee sakke waarin hy amajali in die een en van Akunu se gereedskap asook ’n kaart in die ander, dra. Hy is op pad na die vyeboom om die goue kalbas wat daar begrawe is te soek.

**Kontekstuele vrae:**

21.1. Wat simboliseer die heuningvoëltjie?

21.2. Wat vind Josh uit omtrent sy ma?

21.3. Wie het almal geweet dat Silvia McGreer as koningin gekies is?

21.4. Hoe word die troon in Kalimbula opgeëis?

21.5. Wie was die drie konings (of hoofmanne) voor Josh se ma as koningin gekies is?

21.6. Verduidelik wat ’n kuriza is en hoe ’n mens of dier in ’n kuriza kan verander.

21.7. Wat was die professor se plan met die muishonde se bloed?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

21.8. Njeri asook haar onderwyser, meneer Bediako, is uit die dorp gejaag. Wat, dink jy, was die rede hiervoor? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 22 (bl. 205-210)**

**Opsomming:**

Josh daag by die vyeboom op. Charlie is egter nie langs hom nie en hy raas met hom omdat hy 'n entjie terug in die lang gras staan en snuif. Iets brul van agter die vyeboom en 'n Afrika-buffel kom op Josh afgestorm. Josh kan egter nie weghardloop nie aangesien die goue kalbas onder die vyeboom begrawe is en dit sy opdrag is om die goue kalbas op te spoor. Hy grawe verskeie gate om die kalbas op te spoor, maar eers met die sewentiende probeerslag vind hy die houtkis waarin die goue kalbas weggesteek is. Intussen het die buffel opgestaan waar hy gelê het en die woedende bul slinger hom deur die lug. Josh is egter dapper en spring op die buffel se rug nadat die buffel in een van die gate getrap het en sy balans verloor het. Josh en die buffel het gestoei tot die buffel moeg geraak het. Hy slaag daarin om amajali teen die buffel se vel te smeer en binne oomblikke word die buffel so mak soos 'n lammetjie. Later tel Josh die kalbas op, sit dit terug in die houtkissie en val in die pad om Tarampi te vind.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

22.1. Waarom was Charlie bang om tot by die vyeboom te loop?

22.2. Dink jy dit is realisties vir 'n dertienjarige seun om op 'n Afrika-buffel se rug te klim en vas te hou totdat die buffel moeg raak? Verduidelik in die konteks van die jeugroman.

22.3. Skryf 'n karakterskets van meneer Granville.

22.4. Verduidelik waarom die buffel kalm geraak het nadat Josh die amajali teen sy vel gevryf het.

22.5. In watter rigting gaan Josh stap om Tarampi op te spoor?

**HOOFSTUK 23 (bl. 211-214)**

**Opsomming:**

Die professor het die inwoners van Bodonga uit hulle hutte geboender. Hy spreek hulle toe op 'n oop stuk grond naby die dorp. Hy wil weet waar Silvia McGreer se seun is.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Hy het op sy fluitjie geblaas om sy volgelinge te roep. Die inwoners word deur monsteragtige diere omring en is uiteraard bang. Akunu kom egter tot hul redding wanneer hy na vore tree en sê dat Josh die goue kalbas het en op pad is na Tarampi. Die professor beskuldig Akunu van verraad en swaai ’n staf teen Akunu se been vas. Akunu strompel en val van die pyn waar die staf hom net onder die knie getref het. Die professor en sy dissipels stap in die rigting van die Mabandiberge om Josh en die goue kalbas op te spoor.

**Kontekstuele vrae:**

23.1. Watter taktiek gebruik die professor om uit te vind waar Josh McGreer is?

23.2. Dink jy dit is ’n goeie taktiek? **Bespreek in die klaskamer**.

23.3. Wat sal die professor doen indien Akunu vir hom ’n leuen vertel oor Josh en die goue kalbas?

23.4. Verduidelik waarom daar na die professor se volgelinge as sy “dissipels” (bl. 214) verwys word.

23.5. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Die professor noem Akunu ’n verraaier omdat hy ook verlief was op Silvia.

Tafelberg

**HOOFSTUK 24 (bl. 215-221)**

**Opsomming:**

Josh is aanvanklik vies vir Charlie omdat hy hom nie teen die Afrika-buffel beskerm het nie, maar besef dat hy Charlie se lewe daardeur ook in gevaar sou stel. Hy besluit om nie die Geelwoud te betree nie en hulle slaap in ’n erdvarkgat. Hy sê vir Charlie dat hy hom nie mag agtervolg nie aangesien die deel van sy reis baie gevaarlik is. Josh vind ’n leer en ten spyte van sy hoogtevrees, klim hy tot waar die leer se sporte eindig. Hy is bang, maar mettertyd kry hy moed om die berg verder aan te durf. Hy trek homself oor die krans deur aan ’n struik se stam vas te hou. Hy verwys na homself as die “Saggeaarde Dapper Een”.

**Kontekstuele vrae:**

24.1. Waarom is Josh vies vir Charlie?



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

24.2. Verduidelik waarom dit nie 'n goeie idee is vir Josh om die Geelwoud binne te gaan nie.

24.3. Waarna verwys die "sporte" van 'n leer?

24.4. Watter vrees kon moontlik verhoed dat Josh sy bestemming bereik?

24.5. Dink jy Josh is nou dapperder as wat hy aan die begin van die jeugroman was? **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 25 (bl. 222-242) - [Hierdie hoofstuk is baie belangrik.]**

**Opsomming:**

**Aangesien hierdie hoofstuk talle vrae wat in die jeugroman gevra word beantwoord, is dit 'n goeie idee om leerders in groepe te verdeel en die hoofstuk puntsgewys te laat opsom. Die hoofstuk bevat belangrike inligting oor die karakters en die redes waarom verskeie aspekte van die verhaal afgespeel het soos in die teks uiteengesit.**

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

25.1. Wat merk Josh op omtrent sy fisieke voorkoms?

25.2. Maak 'n lys van dit wat Josh laat besef het dat Masjeba leuens vertel oor Tarampi se dood.

25.3. Verduidelik wat die professor met die muishondbloed gedoen het nadat Josh se ma 'n belangrike ontdekking tydens hul navorsing gemaak het.

25.4. Waarom is Josh se bloed spesiaal? Bespreek.

25.5. Het jy verwag dat Masjeba Josh sou verraai? **Bespreek in die klaskamer**.

25.6. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Njeri is as buitestander beskou omdat mense gedink het dat sy ook 'n heks is.

25.7. Wie het Josh se lewe gered?

25.8. Dink jy daar mag dalk iets romanties tussen Josh en Njeri in die volgende deel van die Jungu Josh-reeks gebeur? **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 26 (bl. 243-254)**

**Opsomming:**

Josh het drie dae lank geslaap. Hy het van sy ma gedroom. Toe hy wakker word, is hy in Liba – die Stat van die Konings. Masjeba is gevang, maar die professor het ontsnap. Josh het verskeie vrae. Ngandu beantwoord sy vrae en besef dat Njeri hom en Charlie beskerm en ondersteun het sonder dat hy dit toe besef het. Later stap Josh na buite waar klomp mense wag om hom te sien. Tydens die seremonie word sy vinger in swart verf gedoop en hy beweeg sy hand stadig oor die boekrol. Hy trek 'n streep deur sy ma se tekening en trek 'n sirkel om sy tekening – 'n ratel. Josh McGreer is die nuwe koning van Kalimbula.

**Kontekstuele vrae:**

26.1. Lees bl 243 tot 246. Is die gebeure werklik of nie?

26.2. Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?

Josh se gunsteling sport is rugby.

26.3. Waar bevind Josh homself wanneer hy wakker word?

26.4. Verduidelik wat met Masjeba gebeur het.

26.5. Die Jungu Josh-reeks bestaan uit drie boeke. Dink jy die skrywer het doelbewus die professor laat ontsnap? Gee 'n rede vir jou antwoord.

26.6. Noem twee voorbeelde waartydens Njeri Josh tydens sy reis gehelp het sonder dat hy dit op daardie oomblik geweet of besef het.

26.7. Verduidelik waarom Josh volgens Njeri nou "Jungu Josh – die seun wat 'n man geword het" genoem word.

26.8. Hoe het Ngandu geweet dat Tarampi dood is?

26.9. Waarom wag die mense vir Josh om te verskyn?

26.10. Verduidelik waarom Ngandu vir die skare wys dat Josh 'n sirkel om sy tekening getrek het?

26.11. Waarna verwys die word "Zimbila"?

**EPILOOG (bl. 255-256)**

a) Beskryf die vrou wat op die vuil matras lê se voorkoms.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

b) Dink jy die vrou word al lank in die skuur aangehou? Gee ’n rede vir jou antwoord.

c) Watter rede voer tannie Verona aan vir Josh se oorwinning?

d) Watter afleiding kan die leser maak omtrent oom Wally se ongeluk wanneer tannie Verona opmerk: “Kyk net wat het met my arme man gebeur toe hy probeer het”?

e) Watter belofte maak tannie Verona aan haarself?

f) Het jy die einde van die jeugroman voorspel soos wat dit afgespeel het? Gee ’n rede vir jou antwoord.

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

### PROLOOG

a) Die doel van die proloog is om die leser se nuuskierigheid te prikkel om die storie te lees. Sodoende kan die leser uitvind wat in die storie gaan gebeur. Dit bied ook agtergrond oor gebeure wat in die jeugroman plaasvind.

b) Hulle praat Magani.

c) Oos-Afrika

d) Die leser kan aflei dat die vrou ’n diens lewer wat ’n uniform vereis soos byvoorbeeld ’n skoonmaker of huishulp.

e) **Leerder se eie antwoord. Bespreek in die klaskamer.**

### HOOFSTUK 1

1.1. derdepersoonsperspektief

1.2. ’n Doopnaam verwys na die naam wat op ’n geboortesertifikaat en ander amptelike dokumente verskyn. ’n Noemnaam is die naam waarop mense iemand aanspreek soos byvoorbeeld ’n troetelnaam of ’n verkorte weergawe van die doopnaam.

1.3. Sy is kwaad.

1.4. Dit is wildsvleis (eland) en het baie vet aan waarvan Josh nie hou nie.

1.5. Indien Josh nie sy vleis eet nie, gaan hy die pienk nagrok (“Fiona”) moet aantrek.

1.6. Nee, dit is wat tannie Verona die pienk nagrok noem. Sy gebruik die nagrok as dreigement om Josh te verneder.

1.7. **Leerder se eie antwoord**.

1.8. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek op ’n <u>sensitiewe wyse</u> in die klaskamer**. (Hou die sosio-politieke geskiedenis van Suid-Afrika in gedagte tydens die klasbespreking.)

1.9. Hy woon al twee jaar op die plaas.

1.10. Josh se ma is ’n navorser/akademikus/dosent/lektor/wetenskaplike van beroep.

1.11. **Leerder se eie antwoord**.

1.12. Die aardwolf ‘spioeneer’ op Josh om aan sy eienaar terugvoering te gee.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 2

2.1. Muriel wou ’n pienk pophuis vir haar verjaarsdag gehad het en nie die bloue wat haar ma as geskenk gegee het nie.

2.2. Hy het vir haar ’n sjokolade as geskenk gegee.

2.3. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

2.4. **Onwaar**. Die leser kan duidelik aflei dat Doris ongemaklik is en boonop is sy beangs. Dit is nie normale optrede in die teenwoordigheid van ’n familielid nie.

2.5. Solomon grinnik die heeltyd.

2.6. Die partytjie is nie ’n kinderpartytjie nie, maar is meer gefokus op volwassenes en om haar vriende te beïndruk.

2.7. **Leerder se eie antwoord**.

2.8. Elke leerder moet ’n kort paragraaf van **50-60 woorde** skryf waarin hy/sy sy/haar ideale verjaarsdagpartytjie bespreek.

## HOOFSTUK 3

3.1. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

3.2. Kaviaar is ingelegde eiertjies van verskillende vissoorte. Dit is ’n gesogte lekkerny en is baie duur.

Tafelberg

3.3. Sy is skaam om te erken dat die partytjie vir haar eie vriende gereël is en nie werklik om Muriel se verjaarsdag te vier nie.

3.4. **Leerder se eie antwoord**. (Sy is moontlik skaam vir sy voorkoms en/of gebrek.)

3.5. Oom Wally het hulle Saterdae meer toe gevat om te gaan swem en krieket te speel.

3.6. Voldemort is ’n karakter uit die gewilde Harry Potter-reeks. Voldemort is Harry Potter se vyand.

3.7. Hy het ’n jaar gelede ’n ongeluk gehad.

3.8. **Waar**. Hy staar na buite en prewel iets wat hy buite sien.

3.9. Die Fishers dink hulle is beter as ander mense. Hulle kyk neer op ander mense.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 4

4.1. Josh moet die stalle skoonmaak en die hoenders voer.

4.2. In die Verenigde Koninkryk. (Brittanje)

4.3. ’n Week het verloop sedert Muriel se verjaarsdagpartytjie.

4.4. Londen

4.5. Tannie Verona het hulle verbied om naby die skuur te kom aangesien daar ’n swartmamba is wat daar bly. Die vorige plaaseienaar se seuntjie is dood nadat hy deur die slang gepik is.

4.6. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

4.7. “Die mot en die kers” deur C.J. Langenhoven.

4.8. **Onwaar**

4.9. Nee, haar gedrag stem nie ooreen met die beskrywing nie. Sy is nie vriendelik en liefdevol van geaardheid nie.

4.10. Hulle woon op ’n plaas wat nie aan die elektrisiteitsnetwerk gekoppel is nie.

4.11. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

Tafelberg

## HOOFSTUK 5

5.1. Smithy vlieg êrens bo Josh se kop en elke nou en dan roep hy Josh se naam.

5.2. ’n Wildernis is ’n woeste, ondeurdringbare en dig begroeide gebied.
’n Savanna is ’n grasvlakte met verspreide groepe bome.
’n Woud is ’n groot gebied waar bome baie dig teen mekaar groei.

5.3. Josh sien ’n skoongeskeerde, hoedlose Solomon wat begin kekkel.

5.4. Solomon bedoel dat hy hoop Josh nie beledig voel deur sy optrede nie.

5.5. In hierdie geval word dit **letterlik** bedoel aangesien Josh plat op die grond lê.

5.6. Hy noem dat Josh net soos sy ma “Europese bloed” het.

5.7. Dit simboliseer die bloed van die seun van Kalimbula. Boonop simboliseer dit die bewys van sy bestaan asook sy sterflikheid.

5.8. Dit is ’n tipe voël.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

5.9. Josh moet die rivier tot by die Blouberg volg.
Daarna moet hy ’n groot swart klip langs die rivier vind en die voetpad agter die klip volg.
Volg die voetpad by die berg op. Loop tot by die grot en soek vir Ngandu.

5.10. Seekoeie

5.11. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 6**

6.1. Hy dra ’n silwer ketting met ’n dierbeentjie wat daaraan vasgemaak is.

6.2. Die professor gebruik die fluitjie om sy volgelinge (in die geval ’n yslike hiëna) te roep.

6.3. Die yslike hiëna het Shevu aangeval en sy liggaam verskeur.

6.4. Die professor is ’n genadelose en wrede persoon wat geen simpatie teenoor sy medemens koester nie.

6.5. Hy gaan die spore volg om Josh op te spoor.

**HOOFSTUK 7**

7.1. Josh het in Estillstraat, Londen gewoon.

7.2. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

7.3. **Leerder se eie antwoord**.

7.4. Sy is lank, skraal, donker en leun op ’n kierie. Sy is kaalvoet en dra wildsbokvelle as klere. Sy het lang bene wat Josh aan ’n kameelperd laat dink.

7.5. **Waar**

7.6. Hy weet nie of hy die meisie kan vertrou nie.

7.7. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 8**

8.1. Die bessies is giftig. Hy sal sterf indien hy dit eet.

8.2. Hy is selfbewus oor sy stem wat besig is om te breek weens puberteit.

8.3. Njeri het rooimiere in Josh se onderbroek gegooi sodat hy as aas gebruik kan word om die bosvark uit sy skuilplek te lok.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.4. Josh het by ’n dooie boom met ’n dik tak wat uit die stam groei opgeklim.

8.5. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

8.6. ’n **Pipitswavlieg is ’n mite**. Indien die vlieg jou byt, vra die persoon die hele dag vrae. So ’n persoon word dan oor die kop geslaan om hom of haar stil te maak. (Njeri bedoel dit egter as ’n grap.)

8.7. Sy pa was in die weermag en het gesterf toe Josh twee jaar oud was.

8.8. ’n Jungu is ’n seun wat sy ouerhuis verlaat om op sy eie in die woud te gaan woon totdat hy ’n man word.

**MEER INLIGTING OOR DEURGANGSRITES IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS**

Die liminale rite vorm wêreldwyd ook deel van verskeie kulturele groeperinge se inisiasiepraktyke. In die Suid-Afrikaanse konteks kan die woord ‘inisiasie’ volgens Huysamer en Lemmer (2013:2) asook Venter (2011:559) **verwys na “kultuurpraktyke” soos in die geval van die amaXhosa se *Intonjane* en *Ulwaluko*-rituele**. Volgens Jung (1969) help die ritueel die individu wanneer sy of haar psigiese ekwilibrium tydens die oorgang van een fase na ’n volgende bedreig word. Gevolglik skep die subjek sy of haar eie ritueel om sy of haar persoonlikheid te beskerm indien daar geen bestaande deurgangsrite is nie. **In Suid-Afrika is die amaXhosa se *Ulwaluko*-tradisie, waartydens die *umkhwetha* die oorgang van kind tot volwasse man deurmaak, ’n belangrike kulturele praktyk wat volgens Mtumane (2004) reeds meer as ’n duidend jaar beoefen word. Ook amaXhosa meisies word na hul eerste menstruasie aan die *Intonjane*-ritueel onderwerp waartydens die liminale drumpel van jong meisie na vrou-wees oorgesteek word om sodoende die jong vrou se volwassenheid en vrugbaarheid te vier.** Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie ritueel vanuit ’n nie-kulturele perspektief ook as vorm van groepsdruk beskou kan word aangesien die verwerping van die kulturele ritueel tot die verwerping van die individu deur die groep sal lei.

**(Bron: Koen, 2022: 59)**

8.9. **Onwaar**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.10. Njeri sê vir Josh dat Joshua McGreer dood is.

## HOOFSTUK 9

9.1.1. **Onwaar**

9.1.2. **Waar**

9.1.3. **Waar**

9.1.4. **Waar**

9.1.5. **Onwaar**

## HOOFSTUK 10

10.1. Josh het per ongeluk op Njeri se hakskeen getrap en boonop het hy haar geterg oor haar lang bene wat soos die van ’n kameelperd lyk.

10.2. **Leerder se eie antwoord**.

10.3. Sy het sy ma beledig deur op te merk dat Josh net so pateties soos sy ma is.

10.4. Josh was baie skaam en het om verskoning gevra. Hy het ongemaklik gevoel omdat hy in sy puberteitsfase is en tieners baie selfbewus is oor hul liggaam.

10.5. Eerstens, kan hulle wag tot die seekoei besluit om terug in die water te gaan. Tweedens, kan hulle ’n stok of twee gryp, ’n oorlogskreet skree en die seekoei bestorm en derdens kan hulle die seekoei skrik maak deur hulself soos ’n groter dier te vermom wat die seekoei hopelik sal intimideer en sal laat vlug.

10.6. Hulle het hulself met modder besmeer om hul reuk te verbloem. Josh sit bo-op Njeri se skouers. Hy moet die panga en die kierie in die lug hou. Sodoende sal die seekoei hopelik geïntimideerd voel deur hulle lengte.

10.7. **Onwaar**

10.8. ’n Groot hiëna het opgedaag en stink verskriklik.

10.9. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

## HOOFSTUK 11

11.1. Hy het Josh en sy makker se voetspore opgemerk.

11.2. Die reën het sy voetspore uitgewis.

11.3. Die hiëna het die professor gehelp om Josh op te spoor.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

11.4. Njeri het haar kierie uit die boom laat val. Die kierie het die professor in sy linkeroog getref waarna hy agteroor geval het.

11.5. Die word verwys na wraak. ’n Persoon moet dus gestraf word wat hy/sy aan ’n ander persoon gedoen het.

## HOOFSTUK 12

12.1. Njeri is besig om die spies se punt (lem) skerp te maak.

12.2. Die tekening is halfpad onder die water versteek en lyk meer soos ’n skaap. Sy is doelbewus besig om Josh te irriteer deur te sloer.

12.3. Ngandu het blykbaar al die antwoorde op Josh se talle vrae.

12.4. ’n Aardwolf is ’n benaming vir ’n **maanhaar-jakkals**. (*Woordeboek van die Afrikaanse Taal*)

12.5. Ngandu het hom die naam gegee omdat sy ore so groot is.

12.6. Die grot ruik na wierook en speserye.

12.7. Sy gesig is met as besmeer, sy grys hare het twee kleurvolle lokke en sy plankdun lyf is yl bedek met geweefde blaar- en boombasmateriaal.

12.8. Nee, hulle is nie verlief op mekaar nie. Ngandu terg hulle net.

12.9. **Waar**

Tafelberg

12.10. Hulle moes Josh beskerm.

12.11. Dit is Charlie se manier om te wys dat hy van die persoon hou.

12.12. Josh sal ’n deel van homself moet weggee.

## HOOFSTUK 13

13.1. Die hare op sy rug staan penorent en hy grom elke nou en dan.

13.2. Josh moet die een (man) opspoor wat sy ma se storie ken en die geskiedenis van wat twee jaar gelede by die Stat van Konings gebeur het vir hom kan vertel.

13.3. Minokkos is klein gediertes, nie groter as ’n kind nie. Hulle is wreedaardige kreature wat van mensvleis hou.

13.4. Waar

13.5. Josh se ma moes dinge in die vallei verander het, maar sy het volgens Njeri haar belofte verbreek en hulle in die steek gelaat.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

13.6. In Wes-Afrika verwys "Jungu" na 'n "idioot" aldus Njeri.

13.7. Die Kuvura-woud is 'n dooie woud met blaarlose bome.

13.8. **Leerder se eie antwoord**.

13.9. Dit sal die heks (Masjeba) in kennis stel dat Josh gearriveer het.

13.10. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 14**

14.1. Juffrou Wentworth is Josh se aardrykskunde-onderwyseres. (Geografie)

14.2. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**. (Njeri)

14.3. Hy ervaar 'n skielike opwelling in hom om sy man te staan en nie vir die bobbejane weg te hardloop nie.

14.4. Hy sien dat die beeldskone vrou eintlik 'n afskuwelike ou vrou met grys hare is.

14.5. Die heks is gewoond daaraan dat sy deur mense verafsku word en moes haarself vermom om Josh se vertroue te wen.

14.6. Dit het Josh na die meer gelei. (In die meer se rigting gedwing.) Hy het ook Josh se **arm geskraap sodat hy hallusineer wanneer die vermomde heks opdaag**.

Tafelberg

14.7. Josh se ma is die antwoord op al Kalimbula se vrae.

14.8. Nee. Dit is giftig en laat 'n persoon hallusineer.

14.9. Die persoon sien/hoor of word bewus van iets wat nie werklik bestaan of aanwesig is nie.

14.10. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 15**

15.1. Masjeba het haarself in 'n kraai verander.

15.2. Hy bevind homself in Liba – die Stat van Konings.

15.3. Tarampi is een van die wyse manne en die koning se raadgewer en geestelike geneser.

15.4. Die kissie is van hout gemaak met die goue kalbas daarin. Die goue kalbas is 'n glimmende metaalvoorwerp. In die goue kalbas is 'n knobbelrige bal wat in leerrieme toegedraai is.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

15.5. Hy moet groot skrik.

15.6. ’n Kraai, klein dogtertjie en ’n ietermagog.

15.7. Josh sien dat sy ma en die professor kollegas was wat saam navorsing gedoen het.

15.8. Nee, Ngandu het hulle om die bos gelei / ’n poets gebak.

15.9. Dit is sy manier om sy dankbaarheid te betoon dat Silvia sy vriend, Akunu se dogter gehelp het toe sy vermoedelik (volgens hulle) malaria gehad het.

15.10. Kalungu is ‘Magani’ vir God.

**HOOFSTUK 16**

16.1. Hy het die troon aan die professor oorgedra.

16.2. Sy seun het aan koors gesterf en sy dogter het tydens ’n seremonie (offer) om die voorvaders vir reën te vra, op die meer verdwyn. Sy is vermoedelik deur krokodille opgeëet.

16.3. Die sifashama (die oudstes) moet ’n nuwe hoofman kies as daar na drie somers nog nie ’n nuwe leier is nie.

16.4. Josh moet uitvind waar Tarampi die goue kalbas weggesteek het en dit vir Masjeba terugbring.

Tafelberg

16.5. **Onwaar**

16.6. **Leerder se eie antwoord**. (Heel waarskynlik nie.)

**HOOFSTUK 17**

17.1. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

17.2. Josh moet na Bodonga gaan en die goue kalbas vind deur die ystersmid te vra waar dit weggesteek is.

17.3. Die aasvoëls is met ’n pyl en boog afgeskiet.

17.4. Ngandu maak onverwags sy verskyning.

17.5. Hy het die professor op die skeen geskop, peperpoeier in die ander manne se oë geblaas en weggehardloop.

17.6. “Hulle kon my gevang het en gedreig het om my slegs te bevry indien ek hulle die geheime resep gee om die professor se hare weer te laat groei.”



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

17.7. Njeri moet Josh help aangesien Josh nie haar vyand is nie, maar meer soos 'n broer-figuur vir haar moet wees.

17.8. Hy laat Charlie aan 'n ligblou sakdoek ruik wat Josh in die grot vergeet het sodat Charlie sy spoor kan uitsnuffel.

17.9. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 18**

18.1. Die Minokkos het skrefiesoë wat ver van mekaar onder fronsende swart wenkbroue sit. Reusemaanhare groei om hul spierwit gesigte en hul neuse is klein gaatjies, hul monde is bruin geverf, en op hul koppe sit keëlvormige hoede. (Hulle dra maskers.)

18.2. Hy lyk soos 'n jakkalsagtige-figuur. Hy is 'n gemaskerde Minokko.

18.3. Charlie is vermom as 'n driekoppige monster met 'n rooi stert. Hy het 'n tong wat uit die middelste kop se skuimende bek hang. Hy het die Minokkos verjaag deur hulle skrik te maak.

18.4. **Leerder se eie antwoord**. (Heel waarskynlik is dit Njeri.)

18.5. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 19**

Tafelberg

19.1. Die weerligstraal laat hom vermoed dat iets gaan gebeur aangesien hulle selde weerlig in die vallei kry asook 'n storie wat sy oupa hom vertel het wat hom as kind slapelose nagte gegee het.

19.2. 'n Tsetsevlieg is 'n steekvlieg wat in tropiese Afrika voorkom en is dodelik vir vee en huisdiere. Dit veroorsaak **slaapsiekte by mense** en nagana by perde en beeste.

19.3. Akunu en Tarampi het tien jaar gelede (tien somers) met mekaar gepraat.

19.4. Hulle praat Uchubi.

19.5. Hulle het mekaar laas by die koning se begrafnis gesien.

19.6. Sy het malaria gehad. Silvia McGreer het haar lewe gered.

19.7. Hy het sewe jaar lank vir Silvia McGreer en die professor gewerk.

19.8. Josh lei hieruit af dat die heks nie die goeie persoon is wat sy voorgee om te wees nie.

19.9. Nee, hy was nie daarvan bewus nie.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 20

20.1. Die mombakkie het maanhare – dieselfde mombakkies wat die Minokkos dra.

20.2. ’n Persoon gebruik mombakkies om sy/haar identiteit te versteek of om iemand bang te maak of selfs te laat lag soos in die geval van ’n nar.

20.3. Die professor word deur die Minokkos agtervolg. (Sy volgelinge.)

## HOOFSTUK 21

21.1. Die heuningvoëltjie simboliseer reinheid en waarheid.

21.2. Josh vind uit dat sy ma die nuwe koningin van Kalimbula is.

21.3. Akunu, Tarampi, Ngandu en Masjeba.

21.4. Dit word opgeëis deur die kalbas van Tarampi te ontvang en jou simbool voor die hele stam op die Hoba-boekrol te omkring.

21.5. Hoofman Pingana, hoofman Berirua en hoofman Ratjitji.

21.6. ’n Kuriza is ’n zombie. Mense en diere verander na kurizas wanneer hulle met muishondbloed besmet word.

21.7. Hy wou mense en diere daarmee sy slawe maak.

21.8. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

Tafelberg

## HOOFSTUK 22

22.1. Charlie kon ruik dat iets gevaarlik by die vyeboom skuil.

22.2. **Leerder se eie antwoord**.

22.3. Meneer Granville is ’n oorgewig onderwyser by Josh se skool. Sy voet het eenkeer aan die laaste trappie van die verhoog vasgehaak en hy het geval.

22.4. Die amajali is giftig en laat ’n mens of dier hallusineer.

22.5. Josh gaan in die rigting van die Mabandiberge stap.

## HOOFSTUK 23

23.1. Hy dreig die mense van Bodonga met die dood indien hulle nie vir hom sê waar Josh McGreer is nie.

23.2. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

23.3. Hy sal terugkeer en met hom afreken (hom heel waarskynlik vermoor).

23.4. Hulle is die professor se getroue volgelinge wat aan sy lippe hang en elke bevel uitvoer sonder om hom te bevraagteken.

23.5. **Onwaar**

**HOOFSTUK 24**

24.1. Josh voel dat Charlie hom in die steek gelaat het aangesien hy alleen teen die Afrika-buffel moet baklei.

24.2. Akunu het Josh teen die woud gewaarsku aangesien die grond heilig is en indien hy nie geestelik gereed is nie, gaan die Geelwoud dwarsdeur hom sien en sal hy nooit weer sy pad uit die woud kry nie.

24.3. Die sporte verwys na die "trappies" van 'n leer.

24.4. Josh het hoogtevrees.

24.5. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

**HOOFSTUK 25**

25.1. Josh merk op dat hy skraler lyk. Hy lyk ouer, sy wenkbroue is donkerder, sy oë is gryser en sy kakebeen is meer prominent as wat hy dit onthou.

Tafelberg

25.2. Die kos in die pot het ure geneem om voor te berei.
Daar is ou was om die kerse.
Die velle voor die vensters is vol stof.
Daar is geen teken van 'n bloedvlek op die vloer nie.
Die grond op die graf is kurkdroog.

25.3. Hy het die bloed vir 'n groot deel van die vallei gegee om hulle in zombies te verander en sodoende sy eie klein weermag op te bou.

25.4. Josh se bloed is die kuur teen die professor se muishondbloed wat mense en diere in zombies verander.

25.5. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.

25.6. **Waar**
25.7. Njeri het Josh se lewe gered.

25.8. **Leerder se eie antwoord**. **Bespreek in die klaskamer**.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 26

26.1. Nee, dit is slegs ’n droom.

26.2. **Onwaar**

26.3. Josh is in Liba, die Stat van die Konings.

26.4. Masjeba is gevang en word aangehou in die Taranta-grotte saam met Kalimbula se ander misdadigers.

26.5. **Leerder se eie antwoord**. (Ja, want dit kan ’n storielyn vir die opvolgroman wees.)

26.6. Sy het Charlie in ’n monster verander om die Minokkos weg te jaag, sy spore doodgevee en sy het vir hom en Charlie water by die kraal gelos. (**Enige twee**.)

26.7. Josh het bewys dat hy dapper is toe hy op die Afrika-buffel se rug vasgeklou het en toe hy teen die professor en die heks baklei het.

26.8. Hy het nie meer rookseine gestuur nie.

26.9. Hulle wag om hulle nuut verkose koning te verwelkom.

26.10. Dit is om te wys dat hy nou die regmatige nuwe koning van Kalimbula is.

26.11. Ratel. Josh se simbool is ’n ratel.

Tafelberg

## EPILOOG

a) Die vrou is skraal, dra ’n smerige nagrok en haar lyf is uitgeteer.

b) **Leerder se eie antwoord.**

c) Masjeba het nie haar deel van die ooreenkoms nagekom nie.

d) Sys al haar nog op Joshua wreek.

e) **Leerder se eie antwoord.**



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS (Sien HAT of TWEETALIGE WOORDEBOEK)

| WOORD | BLADSY | VERTALING (ENGELS) [VIR EAT-LEERDERS] | BETEKENIS [Vul die betekenis hier in.] Afrikaans (Huistaal & EAT) |
|---|---|---|---|
| kalbas | Voorplat | | |
| muishond | 12 | | |
| aardwolf | 13 | | |
| versierings | 19 | | |
| prewel | 30 | | |
| klitsgras | 40 | | |
| kekkel | 41 | | |
| boendoe | 46 | | |
| oorstelp | 54 | | |
| paai | 62 | | |
| verbysterd | 67 | | |
| tuimeltrein | 74 | | |
| makker | 82 | | |
| geil | 85 | | |
| oneerbiedig | 87 | | |
| wierook | 88 | | |
| oorbluf | 91 | | |
| rysmiere | 94 | | |
| aanstryk | 110 | | |
| neurie | 117 | | |
| vermom | 122 | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | | | |
|---|---|---|---|
| **flous** | **126** | | |
| **krys** | **164** | | |
| **ystersmid** | **180** | | |
| **muiter** | **242** | | |
| **verraai** | **213** | | |
| **trawante** | **253** | | |

## ADDISIONELE WOORDESKATLYS

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. **Klasbespreking**: Kyk na die *Jungu Josh*-lokprent. Bespreek die voor- en nadele van 'n lokprent. Is dié lokprent geslaagd? Sou jy dit anders wou uitbeeld? Bespreek.

2. Joshua McGreer het vroeër met sy ma in Londen gewoon.
   **Maak 'n plakkaat** met interessante inligting en prente oor Londen. **Berei 'n kort aanbieding van twee tot drie minute voor** waarin jy die klas meer oor Londen vertel.

3. Verbeel jouself jy is Muriel. Jy het vandag jou verjaarsdag gevier. Skryf 'n **dagboekinskrywing** waarin jy jou gevoelens oor jou verjaarsdag bespreek.

4. **Navorsingsaktiwiteit**: Daar word in die jeugroman na verskillende soorte diere verwys. Maak 'n lys van die soorte diere waarna verwys word. Verdeel die klas in groepe. Elke groep moet inligting oor 'n tipe dier versamel waarna elke groep 'n aanbieding van twee tot drie minute lewer. In die aanbieding moet prente van die dier asook interessante inligting oor die dier met die klas gedeel word.
   (Leerders kan van 'n plakkaat of PowerPoint-aanbieding gebruik maak.)

5. **Plakkaat**: Ontwerp 'n plakkaat (A2-grootte) waarop jy visuele uitbeeldings van al die karakters aanbring. Gebruik sleutelwoorde om elke karakter se karaktereienskappe langs die skets / prent aan te dui.

**VOORBEELD**:

*JUNGU JOSH – DIE GOUE KALBAS*

**KARAKTERSKETSE**

| | |
|---|---|
| **PRENT OF SKETS** | • **Joshua McGreer**<br>- Hoofkarakter<br>- Dertien jaar oud<br>- Hy is dapper. |

6. Indien prakties moontlik, **nooi die skrywer** om by die skool oor die jeugroman met die leerders te kom gesels. Die besoek kan ook virtueel via MS Teams plaasvind indien die skool oor die nodige fasiliteite beskik.

7. **Ontwerp 'n bordspeletjie** soortgelyk aan slangetjies en leertjies. Die vrae moet handel oor die jeugroman. Indien 'n speler die vraag korrek beantwoord, mag hy/sy een blokkie op die bord aanskuif. Gebruik die speletjie om jou kennis van die jeugroman te toets.



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van ’n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** ’n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om ’n opinie te vorm, ’n oordeel te vel oor ’n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** ’n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of ’n aksie

**herlees –** ’n leesstrategie wat die leser nog ’n kans gee om ’n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** ’n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van ’n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin ’n mens dink”

**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in ’n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee ’n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat ’n mens kon verwag het



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

Tafelberg

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv*. Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

# BRONNELYS


Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Koen, D. 2022. Die liminale en "Kamp Koershou": deurgangsrites in Malan Steyn se Bos (2019). *Stilet*, 34(1): 56-71.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Van Graan, C. 2020. *Jungu Josh: Die goue kalbas*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Graan, C. 2023. Jungu Josh webtuiste. Besoek op 30 Januarie. https://jungujosh.com/


Tafelberg



Leesgids saamgestel deur Dewald Koen, 2023. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers